

5. Wiskunde

Inleiding:

Wiskunde behels die waarneming, voorstelling en ondersoek van patrone; kwantitatiewe verhoudings in fisiese en sosiale verskynsels; asook tussen wiskundige voorwerpe self.

Die vak:

- help verstandelike prosesse wat logiese en kritiese denke bevorder en ontwikkel;
- ondersteun die akkuraatheid en probleemoplossing wat tot besluitneming sal bydra;
- bied toegang tot kritieke beroepe;
- ontwikkel vaardighede om jou rol in die samelewing uit te voer,
- ontwikkel logiese en kritiese denke in menslike aktiwiteite.

Inhoud in graad 9:

Die inhoud dek **vyf hoofinhoudsareas**

- Getalle, bewerkings en verwantskappe;
- Patrone, Funksies en Algebra;
- Ruimte en Vorm (Meetkunde);
- Meting en
- Datahantering

Elke inhoudsarea dra by tot die ontwikkeling van spesifieke vaardighede in:

Heelgetalle, eksponente, gewone breuke, desimale breuke, numeriese en meetkundige patrone, funksies en verhoudings, algebraïese uitdrukkings en vergelykings, grafieke, meetkunde, die konstruksie van meetkundige figure, oppervlakte en omtrek, buiteoppervlakte, volume, Pythagoras, en data-hantering.

Tydtoekenning:

Jy sal 4.5 uur van onderrig elke week ontvang . As toevoeging hiertoe sal jy tyd by die huis moet spandeer om die werk en aktiwiteite wat jy in die klas geleer het, in te oefen.

Assessering:

Gedurende die jaar sal jy verskillende assesseringstake voltooi wat jou onderwysers en ouers sal inlig oor jou vordering. Daar is 10 Formele Assesseringstake, asook 'n einde van die jaar eksamen. Jou vordering in die take en eksamen sal bepaal of jy gereed is om na die volgende graad te vorder. Dit sal ook 'n aanduiding gee of jy met Wiskunde sal voortgaan, en of jy Wiskundige Geletterdheid moet doen.

Daarom moet jy al jou take tot die beste van jou vermoë voltooi om 'n goeie jaarpunt te verseker.

Wenke vir die bereiking van sukses in Wiskunde:

1. Doen al die huiswerk.
2. Moenie afwesig wees nie.
3. Vind 'n vriend wat jou studie-vennoot kan wees.
4. Handhaaf 'n goeie werksverhouding met die onderwyser.
5. Ontleed en verstaan elke fout.
6. Kry gou hulp indien jy nie verstaan nie.
7. Vra vrae.
8. Bemeester die basiese vaardighede.
9. Algebra moet bemeester word.
10. Verstaan die werking van die sakrekenaar.

Slaagvereistes in Gr 9: Ten minste 40%

Moenie werk om om 'n minimum punt te behaal nie. Probeer altyd 50% of meer te kry!

Studiewenke vir wiskunde in die klas

- Teken enigiets wat die onderwyser teken.
- Skryf aantekeninge oor lesings; neem dit elektronies op.
- Vra vir ekstra voorbeelde en probleme.
- Hersien die vorige dag se notas voor die aanvang van die volgende klas

Onthou: Wiskunde is nie “vuurpyl wetenskap” nie! As jy hard werk vir ten minste 5 dae per week , kan jy slaag.

